# GOLDEN GATE

## die geskiedenis van twee plase wat 'n Nasionale Park geword het

Opgestel in opdrag van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke

deur A. P. J. van Rensburg, M.A., D.Phil.

## VOORWOORD

Toe dr. Nico van der Merwe van die Parkeraad my gedurende 1964 genader het om 'n geskiedenis van die *Nasionale Hoogland Park Golden Gate* saam te stel, was ek aanvanklik huiwerig om daartoe in te willig. Indertyd was ek besig met finale afronding aan my doktorale proefskrif, terwyl ek ook onseker was i.v.m. die beskikbaarheid van bronne i.v.m. die vorige eeuse lotgeval van Golden Gate.

Namate die projek egter gevorder het, kon ek — hoewel dikwels met groot moeite en baie geluk — mettertyd 'n veelheid van gegewens opdiep en hul betroubaarheid probeer toets. Aangesien daar geen bronne oor sekere aspekte bestaan nie, moes ek my in die onderhawige gevalle op oorlewerings verlaat wat deur meer as een persoon gestaaf kon word.

Hierdie projek het my twee keer na die goue velde van Golden Gate gevoer en dikwels na die voorhuise van hulle wat van A. A. Cilliers en Jan van Reenen stam. Graag getuig ek hier dat al hierdie besoeke en reise my innerlik ryker gemaak het.

'n Besondere woord van dank aan dr. Nico van der Merwe vir sy getroue en gereelde aanmoediging en belangstelling en die baie deure wat hy vir my oopgemaak het om gegewens te bekom. Dan ook die personeel van die Parkeraad te Golden Gate waar ek steeds soos een van hulle ontvang en behandel is. Aan die personeel van die Vrystaatse Argiefbewaarplek, veral mnr. Dick Reinecke wat geen moeite ontsien het om beskikbare bronne onder my aandag te bring nie, my innige dank. Ook aan die personeel van die kantoor van die Registrateur van Aktes en veral mnr. A. B. O. Kriel van die Landmeter-generaal se kantoor wat van onskatbare hulp was in die samestelling en kopiëring van die kaarte wat hierby afgedruk is, 'n dankwoord.

Hoewel hierdie werk geen aanspraak het op volledigheid nie, is die beskikabre bronne uitgeput. Dit kan wees dat daar iewers nog 'n pamflet of reisbeskrywing gevind kan word wat meer lig op die geskiedenis van hierdie deel van die Verowerde Gebied kan werp, of êrens op 'n solder 'n ou verweerde dagboek wat die raaisel van die verlede kan help ontsyfer.

Ten slotte 'n dankwoord aan die Parkeraad vir dié vererende opdrag. Ek doen graag weer soiets vir hulle.

A. P. J. VAN RENSBURG.

Bloemfontein,
April 1967.

## IN DIE BEGIN . . .

Op 13 September 1963 het die eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, Sy Edele C. R. Swart, by wyse van kennisgewing 259/1963 en ingevolge artikel 2 van die Wet op Nasionale Parke van 1962, die Golden Gate Hoogland Park as 'n Nasionale Park binne die distrik Bethlehem geproklameer. Met die besoek van die Staatspresident en ander hoogwaardigheidsbekleërs op 16 Oktober 1963 is dit amptelik geopen.

So het hierdie skilderagtige en in vele opsigte nog ongerepte omgewing — weg van beton-oerwoude en snikhete teerstrepe —, wat jarelank 'n eensame paradys binne die distrik Bethlehem was, 'n permanente beskermling van alle Suid-Afrikaners geword. 'n Gebied waar buitelugontspanning gepaard met natuur- en wildbewaring verwesenlik kon word.

Vanaf 29 September 1963, toe besoekers vir die eerste keer in die Park kon oornag, het hierdie rustig-landelike streek met sy golwende valleie, deinende bulte, ru-gebeelde rotse en wasige dale, in steeds toenemende mate met die twintigste eeuse mens en sy aktiwiteite kennis gemaak.

Maar lange jare het die rus van die eeue hier gesluimer . . . vandat die oertyd en die prehistoriese mens 'n breë en diep spoor hier gelaat het . . .

## EERSTE BEWONERS


Reusagtige oerdiere het in die voortyd hier geleef. Die oorblyfsels van ten minste twee dinosourusse is reeds in die omgewing van die huidige Park gevind. Gedeeltes van een rus nog op die witklipkranse van die plaas Adullam van mnr. Piet Cilliers digby die suidelike grens van die Park. Oorblyfsels van nog een is gevind op die plaas St. Fort sowat vier myl ten suide van die dorpie Clarens. Hierdie oorblyfsel is gerestoureer en kan in die Pretoriase Museum besigtig word.

Nêrens in Suid-Afrika is nog ooit 'n volledige dinosourus gevind nie. Boonop kan nie met volle sekerheid vasgestel word wanneer die twee in die Golden Gate-omgewing uitgesterf het nie. Die dinsourïer-tydperk dateer so ver terug as 180,000 jaar gelede. Genoeg dus om te sê dat hierdie logge dierasies klaarblyklik die eerste bewoners en heersers van die goue poort van die Oranje-Vrystaat was.

Vir lange jare ná die oerdier-era, waarskynlik tot in die tweede helfte van die agttiende eeu of selfs ietwat later, het die gebied 'n jagtersparadys geword. 'n Gordyn van stille rus het oor die latere Park gesak en groot troppe wild van alle soorte het die vreedsame weivelde hulle syne gemaak.

## EERSTE MENSLIKE BEWONERS

Daar is persone wat gis dat een of ander prehistoriese mens ná die oerdier die omgewing van Clarens sy tuiste gemaak het. Hierdie ver-




*Dinosaurïer.* (Foto: A. Zaayman)
Gepubliseer met verlof van die Direkteur, Transvaalmuseum. Pretoria.

onderstelling word gebaseer op die talle klipwerktuie wat sedert die vroegste jare van die witman-era oral in die talle holkranse en diep skeure by Golden Gate gevind is. Omdat agaat in sulke redelike hoeveelhede in die Drakensberglawas voorkom, en Golden Gate juis in so'n tipiese vulkaniese poort lê, kan aanvaar word dat die beskutte holkranse skuiling aan vele oerbewoners gebied het.

Verder word talle opvallende rotstekeninge, wat dikwels verkeerdelik almal oor een boeg gegooi en almal as „Boesman-tekeninge" bestempel word, oral in die omgewing van die Park en ook binne die Park op die plase Wodehouse, Gladstone en Wilgenhof aangetref. Die Abbe Brueill het van hierdie tekeninge as van die interessantste ter wêreld bestempel, terwyl prof. Van Riet-Lowe van die afbeeldinge as prehistoriese rotskuns uitgeken het.

'n Besonder interessante veelkleurige tekening word ook aangetref op die plaas Schaapplaats, sowat sewe myl vanaf die dorpie Clarens op die pad na Golden Gate. Hierdie afbeelding is dié van 'n mens met 'n jakkalskop. Inwoners van Clarens, o.a. die skoolhoof, mnr. Van Zyl, wat besonder interessant kan gesels oor besienswaardighede in en rondom Clarens, sien hierin 'n ooreenkoms met die dertiende eeuse Egiptiese god van vrugbaarheid wat toevallig ook 'n mens met jakkalskop was.

Die ooreenkoms is egter bloot toevallig. Hoewel dit maklik is om te teoretiseer, het Egiptiese invloed nooit so ver suid gestrek nie. Waarheid is dat beide ons eie Suid-Afrikaanse Boesman- en Bantoe-rotskunstenaars van simboliek in hul kuns gebruik gemaak het en dat veral die Boesman 'n meester daarvan was. En dan is humor dikwels in hierdie tekeninge deur middel van maskers geopenbaar, of 'n karakter 'n masker opgesit om daardeur 'n kenmerkende eienskap of karaktertrek van dié persoon te beklemtoon. Die logiese afleiding i.v.m. die rotstekening van Schaapplaats is dan dat die karakter met die jakkalskop 'n geslepe karnallie was, en dan volg dit dat ons kunstenaar self met 'n prikkelende humorsin bedeeld was!

Boonop stem talle vooraanstaande Suid-Afrikaanse argeoloë saam dat die Schaapplaats-afbeelding nie verder as 150-200 jaar terug kan dateer nie. Die beoefenaars van hierdie kuns het bloot net padgegee toe die blanke sy verskyning in die omgewing van Golden Gate gemaak het. Die kuns het bly voortbestaan en word selfs vandag nog deur sekere groepe Bantoe beoefen.

Dis uiters gevaarlik om die rotskuns van Golden Gate as suiwer Boesman of Bantoe uit te wys. Sommige persone gaan so ver as om die Schaapplaats-kuns met die sogenaamde „Molteno-reeks" te vereenselwig. Dit kan moontlik wees dat daar 'n verwantskap bestaan, want die Suid-Afrikaanse Boesman het geen grense geken of erken nie en het ons land in groot dele van hoek tot kant oorswerf. Die feit bly dus dat hierdie tekeninge wel prehistories is, maar dan van toepassing op ons eie Boesman- en Bantoe-stamme wat sover as twee eeue terug dateer. Wanneer ons hier oor hulle skryf, kan hulle wel as prehistories bestempel word.

Boesmans was dan klaarblyklik die eerste menslike bewoners van Golden Gate en sy omgewing. Hierdie noordoostelike hoek van die distrik Bethlehem is 'n ideale voorbeeld van ons Hoëveldse grasvlaktes en skakel boonop aan ons tipiese bergland — 'n unieke kombinasie en enig van sy soort in ons land. Rollende grasveld, 'n veelheid van gras- en biesiesoorte en die menige Hoëveldse eenjarige kruide en bolgewasse het wild van baie soorte gelok. Aan die begin van die negentiende eeu moes dit 'n ware jagtersparadys gewees het waarheen die Boesman ook sy skrede gewend het. Die gebied het oorspronklik gewemel van elande (vandaar Elandsrivier!), bergribbokke, vaalribbokke, duikers, klipspringers, blesbokke, hartebeeste, blou- en swartwildebeeste en 'n groot verskeidenheid ander boksoorte. Ou inwoners van die distrik Bethlehem onthou nog goed hoe hulle kwaggas in die distrik naby Golden Gate gesien het. 'n Korrespondent van die Bloemfonteinse oggendkoerant, *The Friend,* het nog gedurende Julie 1876 geskryf: „We well remember the countless myriads of antelope . . ." Hoe jammer dat ons blanke jagters hierdie troppe so meedoënloos afgemaai het!

## JAGTERSPARADYS

Tydens die deurtog van die Voortrekkers deur die distrik Bethlehem was wild, veral leeus, volop. Byna geen week het verbygegaan nie of eerw. Erasmus Smit skryf in sy dagboek van vee wat deur leeus gevang is, of van leeus wat deur die Trekkers geskiet is. Ons lees ook in die brosjure van die Roos-familie van Bethlehem dat Cornelis Roos en sy seuns meer as 300 leeus op en naby sy plaas Elandsfontein tussen Golden Gate en Bethlehem geskiet het.

Die teenwoordigheid van so baie leeus verraai vanselfsprekend die aanwesigheid van groot troppe wild. Herhaaldelik vermeld eerw. Smit dat daar op die staanplek van die Trekkers geen brandhout te vinde was nie, en dat wildebeesmis as brandstof gebruik is. Bejaarde inwoners van die distrik Bethlehem vertel vandag nog dat volgens oorlewering troppe wild in die Voortrekkertyd oral te sien was en in hul kinderjare selfs tot op die dorpsgronde van Clarens en Bethlehem gewei het. Veral wildebeeste, blesbokke, springbokke, kwaggas en wilde volstruise.

Mnr. Willem Naude Snr. het dikwels vertel hoe hy in sy jong dae met kar en perde vanaf die Golden Gate-streek na Bethlehem gery het en hoe „die veld gedreun het van die wildebeeste, blesbokke en springbokke." Wyle mnr. Hendrik Davel het dikwels smaaklik vertel van 'n mak kwagga wat herhaaldelik in die skut was. Ook mnr. Louis Botha het aan my vertel hoe hy as seun eendag te perd deur die distrik gery en verbaas was oor 'n groot vaal massa diere. By nadere ondersoek het hy gevind dat dit 'n trop wildehonde was — enige duisende — wat agter 'n trop wildebeeste aan trek was.

Die landstreek tussen Bethlehem en Reitz staan vandag nog as die *Riemland* bekend. Dit word verklaar deur die feit dat die bewoners van Bethlehem in die ou dae 'n lewensbestaan uit die verkoop van wildsvelle

gemaak het en dat die balke en kosyne van hul wonings uit bondels riete, vasgedraai met blesbokrieme, bestaan het. Pioniers het selfs die koppe van grootwild op miershope geplaas om as padwysers na die omliggende plase te dien.

'n Paar honderd treë wes van die ou Bethlehem-Kestellpad, in die dwarskloof van Liebenbergsvlei, staan vandag nog 'n grafsteen met die volgende woorde:

„Ter Herdenken aan de Voortrekkers naar Natal
Nagedachtenis van Paul Maré
Gbn. in het jaar 1767 onzes Heeren,
Overleden 1838. Opgericht 9.11.93."

Hierdie Voortrekker het volgens oorlewering op die volgende wyse aan sy einde gekom: Toe hulle deur Klipnek (soos die kraai vlieg sekerlik nie meer as 10 myl vanaf Golden Gate nie) op pad na Natal was, was hy so verbaas oor die groot troppe wild wat skielik van oral verskyn het, dat hy regop op sy wa gaan staan het om beter te kan sien. Skielik het die voorwiel in 'n erdvarkgat getrap, met die gevolg dat hy sy balans verloor, van die wa geval het en deur die skotskar, wat agter aan die wa gekoppel was en met lemoenboompies belaai was, doodgetrap is.

Hoewel dit sekerlik oordrewe beeldspraak is om te beweer dat die streek in en om Golden Gate van wildsoorte „gedreun" het, staaf al bovermelde getuienis die aanwesigheid van baie wild aan die begin en selfs teen die helfte van die negentiende eeu. Vandaar dat die jagters — die leeu en die Boesman — ook daar aangetref is en hul spore daar gelaat het.

## DIE BANTOE MAAK SY VERSKYNING IN GOLDEN GATE

Lange jare sou die Boesman 'n sorgvrye bestaan in hierdie jagtersparadys voer. En jarelank sou Boesmankunstenaars die spore van hulle verblyf deur tekeninge aan die rotswande van Golden Gate laat. Maar nog binne die eerste dekade van die negentiende eeu moes ook hulle wyk toe eers die Bantoe en kort op laasgenoemde se hakke, die blanke jagterveeboer en Voortrekker hul verskyning maak.

Aanleiding tot die verskyning van die Bantoe in hierdie gebied was 'n reeks gebeurtenisse in die streek wat vandag as Natal bekend staan. Dit het begin met die opkoms van die krygsman-tiran Tsjaka as opperhoof van die Zoeloenasie omstreeks 1817. Hy het groot veroweringsplanne gehad. Verder het hy die dissipline en krygsmetodes van sy volk verbeter en, aldus toegerus, begin om met onvergelyklike wreedheid die Zoeloeassegaai te doop in die bloed van die stamme na die noorde en die suide. Niemand is gespaar nie, behalwe die jong meisies en jong manne wat as pakdraers vir sy leërs moes dien. Na Tsjaka in 1828 o.m. deur sy halfbroer Dingaan vermoor is, het laasgenoemde as sy opvolger die verdelgingsoorloë voortgesit.

Die golwe van hierdie mensestorm in Natal het weldra oor die Drakensberge heen geslaan en die rustige bestaan van die Hoëveldse stamme versteur. Die Amahlubistam vlug aan die begin van die twintigerjare van die negentiende eeu oor die Drakensberge en dryf die Batlôkwastam, wat in die huidige distrik Harrismith woonagtig was, voor hulle uit. Die oorblyfsel van laasgenoemde keer in die tweede helfte van 1823 terug en vestig hulle onder Mantatisi en haar seun Sekonyela aan die suidekant van die Witteberge — tans die distrik Fouriesburg. Hul onderdane het ongeveer 10,000 getel en op hulle beurt het hulle nou weer meedoënloos die klein stammetjies wat ten weste van die Drakenberge gewoon het, uitgedelg. Duisende, o.a. die Bataungstam onder Makwane, wat tydens hierdie Storm- en Drangtydperk 'n veilige hawe in die grotte, holkranse en bergkomme van Golden Gate kom vind het, het hulle knopkieries en assegaaie ten prooi geval, terwyl klein groepies wat met hul lewe daarvan afgekom het, wes- en suidwaarts gevlug het. Van die skrale oorblyfsel van die Bataungstam het hulle uiteindelik aan die Vetrivier gaan vestig waar die eerste Voortrekkers hulle in 1836 teengekom het.

Maar nog was die verskrikking nie verby nie. Silkaats se Matabelehordes sou spoedig vanuit die huidige Transvaal ook hierdie gebied stroop en plunder. Klein groepies wat daarin kon slaag om hulle verskuil te hou, het oorgegaan tot kannibalisme.

Ná die Boesman, Bataung en Batlôkwa het mensvreters dus hul verskyning in Golden Gate gemaak. Op baie plekke naby Golden Gate is in die verlede spore van hierdie mensvreters gevind wat die geslepe Lesoeana tot kaptein gehad het. Die plaas St. Fort sowat vier myl ten suide van Clarens, waarna reeds voorheen i.v.m. die dinosouriërtydperk verwys is, was voorheen as Lesoeanaskraal bekend en was die hoofkwartier van hierdie groepe kannibale. Anderhalfmyl vanaf die huidige opstal op hierdie plaas is daar 'n natuurlike poort in die berge wat na 'n mooi gelyk stuk grond binne die bergkom lei. Indien slegs 'n handjievol krygers die nou poort bewaak, het die kom 'n onneembare vesting geword. Onder die beskutte holkranse kan tans nog die ruïne van die toorkorter se hut gesien word. Ook die graf van die toordokter is nog sigbaar. Dan is daar die goed gecamoufleerde „vetmaakhokke" waarin Lesoeana se slagoffers „voorberei" of vetgemaak is. Selfs op tien treë afstand kan hierdie hokke vandag nog nie onderskei word nie. Snags het Lesoeana se sluipers die klein kraaltjies tussen Naauwpoortshoek (Clarens) en die Rooi- en Witteberge oorval en na hulle vesting weggevoer. 'n Bantoevrou wat volgens oorlewering die hoë ouderdom van 130 jaar bereik het en enige jare gelede in Clarens oorlede is, het vertel dat sy geweier het om te eet en gevolglik te maer geword het. So het dit toe gebeur dat sy as kok van die slagoffers in die vetmaakhokke aangestel is en ooggetuie was van hulle droewige uiteinde.

Later het Sekonyela deur aanhoudende aanvalle Lesoeana se posisie onhoudbaar gemaak en het hy deur Golden Gate getrek en hom op die huidige plaas Groendraai net suid van die dorpie Kestell gaan vestig. Hiervandaan het Silkaats se impies hom weer verder ooswaarts verdryf.

So dan het Sekonyela uiteindelik teen die jare dertig van die vorige eeu die onbetwiste heerser geword van die streek tussen Fouriesburg en Kestell, d.w.s. ook van die teenswoordige Hoogland Park. Al die kleinere stammetjies ten weste van die Drakensberge tot naby die huidige dorpie Senekal het in vrees vir hom en sy merkwaardige moeder, MaNtatisi, geleef.

Sekonyela se naaste en gevaarlikste buurman en mededinger was Mosjesj I, die eerste koning van die Basoetonasie. Dikwels was Golden Gate die terrein van botsings tussen hulle krygers. Toe Mosjesj later meer suidwaarts na Thaba Bosiu verskuif, is Sekonyela se heerskappy weereens onbetwis gelaat. Vir die volgende kwarteeu sou dit so bly.

## II

## DIE BLANKE BETREE GOLDEN GATE

Wanneer die só gebeurtenisryke dertigerjare van die negentiende eeu aanbreek, lê die toekomstige Golden Gate nog feitlik onbewoon, ongetem en woes. In hierdie jagtersparadys in die noordoostelike streek van Transgariep, soos die Oranje-Vrystaat toe nog bekend gestaan het, is moddervet wild, enkele oorblywende Boesmanjagters en mensvreter-Bantoe die enigste lewende wesens wat permanent as „onderdane" van Sekonyela die gebied bewoon. Witman-beskawing, deurdagte beplanning en doelgerigte arbeid ontbreek geheel en al, terwyl groot dele nog in verlate ongeskondenheid rus.

Dog binne die eerste dekade van die negentiende eeu sou voorlaaierskote dié ewige rus verstoor. Die eerste blanke jagters en trekboere steek Grootrivier oor. Sommige keer in die goeie seisoen weer terug na die Kaapkolonie, maar baie vind 'n blywende tuiste in Transgariep. Baasjagters maak vanaf die twintigerjare dikwels anderkant Valsrivier hul draai, dring soms deur tot by die ysterklipkoppies en sandsteenrande ten suide van die huidige dorp Bethlehem, waag dit deur Naauwpoortsnek waar die Titanic-rots sy ewige wag volhou oor die „tuinroete" na Golden Gate. En dan kreun swaargelaaide waens met wildsvleis, biltong en velle suidwaarts na die voorposte van die balnkedom . . . Hierdie besoeke is egter bloot tydelike avonture van waaghalse vir wie die onbekende horisonne vol winkende belofte bly. Dit was eers met die groot landverhuising uit die Kaapkolonie gedurende die laat dertigerjare van die negentiende eeu dat blanke beskawing en christelike godsdiens tot aan die drumpel van Golden Gate gebring sou word.

### KAKEBEENWAENS NABY GOLDEN GATE

Die vestiging van die eerste blanke inwoners naby Golden Gate is innig verbonde aan die lotgeval en bestemming van die Groot Trek. Waar sommige Voortrekkerleiers, o.a. Andries Hendrik Potgieter, hul oë op die verre noorderland anderkant Vaalrivier gerig het, het 'n gesamentlike Trekkervergadering in 1837 besluit dat die finale uitspanning van die kakebeenwaens in Natal moes plaasvind. Hierdie besluit het meegebring dat die Voortrekkers deur die streek sou beweeg wat later as die distrik Bethlehem bekend sou staan. Baie van die ou paralelle „Voortrekker"-paaie kronkel vandag nog regs van die nasionale pad aan die soom van Golden Gate ooswaarts verby . . .

Op die middag van 23 September 1837 span Retief se trekgeselskap in die Liebenbergskloof — tans Liebenbergsvlei — uit. Ses dae lank ver-

toef hulle hier terwyl op inligting van verkenners gewag word. 'n Jaggeselskap onder kommandant Coenraad Meyer kry van goewerneur Retief toestemming om wild te skiet. Hulle dring deur tot by die poorte wat Golden Gate van die omliggende land afsluit en keer terug met nege waens, vol gelaai met vleis en wildsvelle.

Die roete wat Retief vanaf Liebenbergsvlei gevolg het, was feitlik identies met die ou Bethlehem-Kestellpad noord van Langberg. Maar ook langs ander roetes volg die Groot Trek sy weg deur die latere Bethlehem na Natal. Die meeste van hierdie Trekkers gaan na die beloofde land anderkant die draakgetande berge, maar enkelinge span finaal hier uit waar ru-gebeelde rotse die blou lug insteier en rollende grasveld sover as die oog reik, ontvou.

Na aanleiding van Voortrekker-dagboeke en die beskrywinge van reisigers soos kapt. Cornwallis Harris kan ons 'n enigsins gangbare beeld van die toestand van hierdie streek onmiddellik voor en tydens die Groot Trek vorm. Aan die suidekant van die Witteberge — tans die distrik Fouriesburg — het die Batlôkwakaptein Sekonyela gewoon. Hierdie veedief met sy nagenoeg tien duisend onderdane heers oor die streek vanaf Fouriesburg tot naby Kestell en bots dikwels met Mosjesj I, koning van die Basoetonasie. Hy onderneem strooptogte sover as Natal, waar hy en sy mense — vermom soos Boere te perd — vee van die Zoeloevors Dingaan roof. Dis algemeen bekend dat die terughaal van hierdie vee deur die Voortrekkers die prys was wat Dingaan van Retief vir 'n deel van Natal verlang het.

Aan die noordekant van die Witteberge was die land, net soos die res van die Hoëveld, onbewoon. Die volgehoue uitdelgingsoorloë van Tsjaka en Dingaan, asook die wrede strooptogte van die Matabele-opperhoof, Silkaats, het feitlik al die Bantoe in hierdie streek uitgeroei of verdryf. Eerw. Erasmus Smit maak telkens in sy dagboek melding van die bewyse van verwoesting wat die Voortrekkers tydens hulle deurtog deur die noordoostelike Vrystaat teengekom het. By een geleentheid teken hy op: „Wy passeerde hier een groot door Oemziiikats verwoeste stat of kafferkraal, waar al die menschen ontzield en niets dan de puinhopen der huizen en vele doodsbeenderen van arme menschen overgebleven zijn. De vorige en ander legerplaatsen hebben 'n dergelyke vertoning aan ons oog gegeven."

Nadat hulle in Liebenbergsvlei uitgespan het, skryf hy weer: „Wij hebben zoo heden als gisteren vele doodsbeenderen van kaffers zien liggen; en steden verwoest door den wrede Oemzilikats die byna alle natiën uitgeroeid en talryke kudden weggeroofd heeft." Nog later, wanneer hy weereens na grootskaalse verwoesting verwys, voeg hy ewe naïef by: „. . . hetgeen egter de doortocht voor onze legers schynt gebaand te hebben." Hierin het hy onbewus 'n groot waarheid opgeteken. Deur 'n merkwaardige sameloop van omstandighede het die Groot Trek deur die distrik Bethlehem op 'n uiters geskikte oomblik plaasgevind om sy welslae te verseker. Die moordbendes uit Natal en Transvaal het 'n kettingreaksie

aan die gang gesit wat die hele omgewing naby Golden Gate skoongevee het met uitsondering van Sekonyela.

Onderdane van Sekonyela het dikwels deur die passe van die Witteberge, ook deur Naauwpoortsnek by die huidige Clarens, gekom om kafferkoring vir kleinvee aan die Voortrekkers te verruil. Ook het die Voortrekkers herhaaldelik van Sekonyela se mense teengekom wat met vee van Natal teruggekeer het. Op 3 Oktober 1837 bv. is Sekonyela self en ongeveer 50 van sy krygers met 200 beeste, skape en perde vanuit Natal naby die Drakensberge teëgekom. Volgens dr. Gustav Preller het die Batlôkwas teenoor Barend Liebenberg verklaar dat dit van hulle vee was wat Dingaan gebuit het en wat hulle weer gaan terugsteel het.

## GOLDEN GATE WORD VOORTREKKERLAND

Voor die koms en deurtog van die Voortrekkers was daar geen owerheidsgesag oor die gebied wat later as die distrik Bethlehem bekend sou staan nie. Vanaf 1838 sou dit egter geleidelik ingeskakel word by die geordende beskawingspatroon wat deur die witman na die binneland van Suid-Afrika gedra is.

Terwyl Retief en sy volgelinge hulle heil in 'n Voortrekkerstaat in Natal gaan soek het, het Voortrekkerleier A. H. Potgieter met sy ondersteuners weer die binnelandse Hoëveld gekies. In 1838 het Potgieter die gebied tussen die Vet- en Vaalrivier — mettertyd bekend as die distrik Winburg —van Makwana, die Bataung-kaptein, vir 'n aantal beeste geruil. Die teenswoordige distrik Bethlehem met die wyk Wittebergen, waarin die toekomstige Golden Gate-kompleks geleë was, was 'n onderdeel van hierdie streek wat so deel van die eerste Voortrekkerland geword het.

Indien 'n mens hierdie transaksie onder die vergrootglas plaas, tref dit dadelik dat die vae beskrywing „land tussen die Vet- en Vaalrivier" growwe aanmatiging aan die kant van Makwana was. Hy het slegs 'n handjievol vlugteling-volgelinge gehad en het ook geen besitreg op hierdie uitgestrekte gebied gehad nie. Nog minder was hy geregtig om deur die transaksie met Potgieter by implikasie ook die gebied van Sekonyela aan die Trekkers te verruil. Insiggewend is dit ook dat die Voortrekkers nooit Golden Gate probeer beset het nie. Klaarblyklik het hulle ook nie die kooptransaksie met Makwana as bindend m.b.t. die Batlôkwa-gebied beskou nie, en is Sekonyela toegelaat om ongehinderd sy gesag oor sy vorige „ryk" uit te oefen.

Teoreties egter het Golden Gate sedert 1838 'n onderdeel van die eerste onafhanklike Voortrekkerland in die binneland geword, met die dorpie Winburg as hoofkwartier. Kort hierna het die Natalse Voortrekkers ná die onderwerping van die Zoeloemag die Republiek Natalia gestig. Andries Pretorius was daar die „ongekroonde president". A. H. Potgieter, wat intussen na Potchefstroom versit het, was weer die vooraanstaande figuur wes van die Drakensberge. In 1840 is ooreengekom dat al die Voortrekkers 'n verenigde maatskappy onder die gesag van die Natalse

Volksraad sou vorm en dat Potchefstroom 'n Adjunk-Raad, bestaande uit twaalf lede, sou instel. Wat sy eie regering betref, het die Winburgstreek onder die Adjunk-Raad van Potchefstroom geval en laasgenoemde was weer ondergeskik aan die Natalse Volksraad. In 1838 het die Natalse Volksraad besluit om vir Jacob de Klerk as landdros „aan de andere zyde van den Draakenberg" aan te stel. Ook is ses heemrade, asook kommandante en veldkornette vir die inwoners van hierdie streek aangewys. Hoewel daar in hierdie stadium nog maar min plase in die omgewing van Golden Gate bewoon is, het dié inwoners ook onder hierdie bestuursreëlings geval.

Tot 1843, met die anneksasie van Natalia deur Brittanje, sou hierdie toestand gehandhaaf word. Ná die anneksasie kom daar egter skeiding tussen die Trekkergebiede. In 1843 is besluit dat die publiek „Agter de Berg" twaalf persone sou kies onder die benaming „Comitee of Provisionele bestuur van Vryheid". Hierdie Hoëveldse streek het hom nou van Natal afgeskei. So word Golden Gate 'n onderdeel van 'n binnelandse Trekkerrepubliek, Potchefstroom-Winburg, met Sekonyela teoreties in die posisie van 'n vasal van dié Voortrekkerstaat.


Baie Natallers verlaat Natal ná die anneksasie en kom vestig hulle wes van die Drakensberge, o.a. in die omgewing van Golden Gate. Die vader van Paul Kruger vertoef 'n lang tyd aan die Liebenbergsvlei. Christiaan van der Merwe, een van die drie manne wat tydens die slag van Bloedrivier gewond is, vestig hom in die wyk Wittebergen. Francois Paulus Naude, stigter en kerkvader van die latere Bethlehem, kom woon op Middelvlei naby die huidige Clarens. Hier ontwikkel 'n waardige en godvrugtige republikeinse burgery, innig verkleef aan die plaaslewe.

## GOLDEN GATE ONDER DIE BRITSE VLAG


Botsings tussen Voortrekkers, trekboere en die Griekwas, veral in die suidelike deel van Transgariep, het Engeland noord van die Oranjerivier op die toneel gebring. Daardeur is ook die rustige landelike ontwikkeling noord van Vetrivier en in die wyk Wittebergen van die latere distrik Bethlehem versteur.

Vanaf 1845 stoot die Britse Ryk sy voelers oor die Oranjerivier. Die Kaapse goewerneur, sir Peregrine Maitland, besoek die onrustoneel in die suide van Transgariep, verdeel die Griekwagebied in 'n vervreembare en onvervreembare streek en vestig maj. H. D. Warden eers in Philippolis en vanaf Maart 1846 in Bloemfontein om wet en orde te reël en bovermelde grensreëlings te handhaaf.

Die republikeinsgesinde inwoners langs die Modderrivier en verder noord wou ten enemale niks met Britse gesag te doen hê nie en het maj. Warden openlik geminag. Boonop het hulle geen vinger verroer om Warden in sy veldtogte teen die inboorlinge by te staan nie. Hulle kon die imperialistiese gety egter nie keer nie. In 1848 is die grondgebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier deur sir Harry Smith, die




Die distrik Winburg 1843 – 1848.




Die Oranjerivier - Soewereiniteit

Kaapse goewerneur, tot Britse gebied geproklameer onder die naam Oranjerivier-Soewereiniteit (O.R.S.). Hiermee het die onafhanklike distrik Winburg en saam daarmee die huidige Golden Gate vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n onderdeel van die magtige Britse Ryk geword!

Die meeste „bure" van Golden Gate — P. M. Bester, later eerste landdros van Harrismith; die Naude's van Middelvlei; die Van der Merwe's Davels, Heydenreichs en Roos'e — het saam met Andries Pretorius hulle teen die anneksasie verset en by Boomplaats met Britse magte gebots. Hulle moes egter die onderspit delf en die volgende ses jaar tevrede wees met Britse gesag.

Die nuwe Britse bestuursreëlings het die latere Golden Gate se posisie ingrypend verander. Die O.R.S. is in vier magistraatsdistrikte, t.w. Bloemfontein, Winburg, Harrismith en Smithfield, onder die gesag van 'n Britse Resident, maj. Warden, ingedeel. Die wyk Wittebergen, waaronder Golden Gate later sou ressorteer, is tot onderdeel van die distrik Harrismith geproklameer.

## SEKONYELA EN BRITISE GESAG

Tydens die tienjarige Voortrekker-bewind in die „Republiek" van Potchefstroom-Winburg is Sekonyela steeds verdra in sy gebied langs die Caledon- en Klein-Caledonrivier. Omdat onbewoonde plase volop was, was daar nooit enige aanleiding vir blanke boere om die streek anderkant die Rooiberge te beset nie. Die passe by Witzieshoek, Naauwpoortsnek, Retiefs- en Slabbertsnek het niks meer as natuurlike ingange tot Sekonyela se gebied gebly nie.

Nooit is daar sprake van vraagstukke of botsings tussen die blanke bewind en die Batlôkwa nie. Hier is die Voortrekker-beleid om die vrede met inboorlinge te handhaaf suiwer uitgeleef. Ooreenkomstig die Makwana-Potgieter transaksie van 1838 het Sekonyela eintlik op Trekkergebied geheers, maar sy gesag as potentaat oor nagenoeg 10,000 volgelinge is nooit aangetas of betwis nie. Sy gebied was dus feitlik die van 'n „staat binne 'n staat."

Met die geleidelike verbreiding van Britse gesag noord van die Oranjerivier verander dié staatkundige posisie weldra. Toe goewerneur Napier in 1843 die verdragstelsel na Mosjesj I se gebied uitbrei, is Mosjesj se gebied duidelik afgebaken, maar veelseggend verwys na „the territory of Sikonyella" ten noord-ooste van die Basoeto-gebied. Dit is 'n klaarblyklike erkenning dat die Kaapse goewerneur Sekonyela as onbetwiste en onafhanklike heerser beskou.

Vyf jaar later, met die anneksasie van die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier deur sir Harry Smith word Sekonyela se posisie — soos tewens dié van alle ander inboorlinghoofde in dié streek — ingrypend verander. Die O.R.S. word geproklameer oor „the territories North of the Orange River, including the countries of Moshesh, Moroko, Molitsane, Sikonyella, Adam Kok, Gert Taaibosch and other chiefs . . ." Van 'n

billike grensreëling tussen blank en nie-blank is hier geen sprake nie. En dan word daar skreiende teenstrydighede in die anneksasieproklamasie geformuleer: Enersyds word gewaarborg dat die Britse owerheid geensins die tradisionele en erflike regte van opperhoofde en hulle onderdane sal aantas nie. In dieselfde asem word egter bygevoeg: „(T)he condition upon which Her Majesty's subjects hold their lands is, that every able bodied man turns out with arms or as a constable for the defence of Her Majesty and Her allies." Die formulering van die teenstrydige begrippe „Britse onderdaanskap" met die verpligtinge daaraan verbonde, en die waarborg van „erflike regte" in dieselfde proklamasie het uit die staanspoor skuiwergate vir toekomstige grensoorskryding gelaat en die weg berei vir botsings tussen blank en nie-blank en ook tussen nie-blankes onderling.

Eers in Desember 1848 baken sir Harry Smith die gebied van Sekonyela af. Dit maak hom o.a. die heerser oor die latere Golden Gate. As gevolg van onderlinge twiste tussen inboorlinghoofde en insypeling van Basoeto in blanke gebiede was maj. Warden verplig om in 1849 die Wardenlyn as grenslyn tussen Basoetoland en die O.R.S. neer te lê en terselfdertyd die grense tussen inboorlinggebiede onderling vas te lê. Weereens is die Golden Gate-streek aan Sekonyela toegeken.

Mosjesj I was egter ook imperialisties en het die vrugbare saailande ten weste van die Caledon begeer. Gevolglik het botsings tussen hom en Sekonyela nie uitgebly nie. J. H. Malan skryf in sy werk *Die Opkoms van 'n Republiek* dat 'n geveg tussen krygers van hierdie twee heersers in 1850 op F. P. Naude se plaas Middelvlei naby Clarens plaasgevind het. Die Boere het geweier om Warden te help om hierdie onderlinge twiste te beëindig omdat hulle in beginsel daarteen gekant was om in inboorlingtwiste in te meng. En Warden self was magteloos omdat hy te min troepe tot sy beskikking gehad het.

Daarenteen het die onderlinge twiste tussen Mosjesj en kleiner stamme eersgenoemde se posisie sodanig versterk dat hy Britse intervensie — deur Warden by Viervoet en deur Cathcart by Berea — suksesvol kon weerstaan. Sy meerderwaardigheid teenoor Britse wapens het Mosjesj oormoedig gemaak en sy krygers het toegeslaan waar hulle wou. In 1853, kort voor die regering van die O.R.S. aan die Boere teruggegee is, het Mosjesj vir Sekonyela finaal oorrompel in 'n bloedige slag op Sekonyela se berg. Sekonyela het gevlug. Die regering in Bloemfontein het asiel aan hom verleen en hom met 'n klein groepie volgelinge na die distrik Herschel in Griekwaland-Oos gestuur waar hy drie jaar later in obskuriteit oorlede is.

Met die onderwerping en verdrywing van Sekonyela het Mosjesj nou die heerster oor die voormalige Batlôkwa-gebied geword. Dit lei daartoe dat Basoeto geleidelik die vrugbare saailande en weivelde vanaf Ficksburg tot anderkant die huidige Golden Gate in besit neem en so die ganse Calendon- en Klein Caledonvallei inpalm. Die destydse Britse regering het geen vinger verroer om hierdie inpalmingsbeleid te stuit nie. Toe die Boere kort hierna die regering van die Oranje-Vrystaat oorneem, handhaaf

ook hulle die *status quo.* Sonder dat een blanke stem daarteen verhef is, het Mosjesj dus sy grense weswaarts geskuif en daarmee nie alleen blanke gebied ingepalm nie, maar die jong republiek wat in 1854 tot stand gekom het, met 'n haas onoplosbare grensvraagstuk opgesaal.

In plaas van die betreklik vreedsame houding van Sekonyela teenoor die blankes sou Mosjesj hom heel gou as 'n lastige buurman openbaar. En veral die grensdistrikte en hul inwoners sou dit ontgeld.

Met die oorname daarvan deur Mosjesj het die Golden Gate-gebied dus weereens 'n stappie agteruit geneem. Blanke besetting en die vooruitgang daaraan verbonde sou eers ná oplossing van die netelige Basoetovraagstuk kon geskied.

III

# GOLDEN GATE — DIE VEROWERDE GEBIED

## DIE BASOETO-VRAAGSTUK TOT 1858

Die vernaamste beweegrede vir die teruggawe van die O.R.S. aan die Boere was sekerlik die Basoeto-vraagstuk en die onvermoë van die Britse bewindhebbers in Suid-Afrika om Mosjesj I op sy plek te sit. Op 23 Februarie 1854 kom die Oranje-Vrystaat as 'n onafhanklike republiek tot stand. Nie alleen was die Boere onvoorbereid om die administrasie oor te neem nie, maar die staatskas was leeg en boonop is die onopgeloste Basoeto-vraagstuk uit die boedel van die O.R.S. geërf. Tereg kon die historikus Theal konstateer: „(S)eldom has a civilised community been thrown entirely upon its own resources under circumstances so unfavourable as those in which the Orange Free State commenced its existence."

Tydens die eenjarige bewind van die eerste Vrystaatse president, J. P. Hoffman, wat 'n persoonlike vriend van Mosjesj I was, is 'n paaibeleid teenoor die Basoeto gevolg. Wel vind daar geen ernstige wrywing tussen die Vrystaters en hul oostelike bure plaas nie, maar toe Hoffman die skenking van 'n vaatjie kruit aan Mosjesj verswyg, bewerkstellig dit sy ontslag deur die Volksraad.

Onder Hoffman se opvolger, J. N. Boshof, word die voortdurende rooftogte van die Basoeto onhoudbaar. Die Basoeto het die blankes in getalle met twaalf teen een oortref, hulle het vuurwapens besit en was besonder mobiel omdat almal berede was. Deur geleidelike insypeling op blanke gebiede word hulle 'n ernstige bedreiging vir die vrede en veiligheid in die jong republiek. Al die pogings om vrede te bewaar, wat selfs die persoonlike bemiddeling van die Kaapse goewerneur, sir Geo. Grey, ingesluit het, het op die lang duur misluk. Toe Mosjesj 'n Vrystaatse ultimatum om sy onderdane van die republiek se gronde te verwyder, verwerp, is in Maart 1858 oorlog teen die Basoeto verklaar.

## DIE EERSTE BASOETO-OORLOG

Die Vrystaatse kommando's het so ver gevorder dat Thaba Bosiu, Mosjesj se bergvesting, eindelik beleër is. Dit was egter spoedig duidelik dat hulle sonder bondgenote van buite die Basoeto nie sou kon baasraak nie. Toe die burgers van die kommando's begin dros, was daar vir die moedelose pres. Boshof en sy Volksraad geen ander uitweg as om met die bemiddeling van sir Geo. Grey met die Basoeto in Junie 1858 vrede te sluit nie. Sir George het na Basoetoland gereis om die grens persoonlik te meet en die gewenste bakens op te rig. Die nuwe grensreëling was

besonder gunstig vir Mosjesj I, want o.a. is die reserwes van verskeie kapteins, deur sir Harry Smith in 1848 erken, nou by Basoetoland ingelyf. Vir die eerste keer is Mosjesj se impalming van Sekonyela se gebied, en dus ook Golden Gate, wetlik erken.

Die derde Vrystaatse president, M. W. Pretorius, wat Boshof in 1859 opgevolg het, het 'n besondere slag met inboorlinge gehad en het ook werklik daarin geslaag om vrede met die Basoeto te bewaar. Dit het egter nie die Basoeto verhinder om Vrystaatse burgers langs die grens voortdurend lastig te val nie. Toe die Vrystaatse Volksraad nie die geld vir 'n gewapende grenswag wou toestaan nie, het Pretorius besluit om die nuwe Kaapse goewerneur, sir P. Wodehouse, te nader om die grens tussen die Vrystaat en Basoetoland bo alle twyfel vas te stel. Mosjesj het telkens beweer dat hy nie sy onderdane in toom kon hou nie, want hulle het nie geweet waar die grenslyn loop nie.

## DIE TWEEDE BASOETO-OORLOG

Toe J. H. Brand, 'n jong Kaapse advokaat, in 1864 die leisels by Pretorius oorneem, het 'n grootskaalse oorlog op die oosgrens van die Republiek gedreig. Brand het die oplossing van die slepende Basoeto-kwessie as sy eerste taak gesien. Solank die Basoeto die burgers beroof en op hulle plase kom woon, sou die republiek hom doodbloei.

Aanvanklik het Brand die weg van vrede gevolg en met Mosjesj begin onderhandel oor die Basoeto wat al meer as twintig myl die republiek binnegedring het. Toe Mosjesj nog steeds volhou dat daar geen sekerheid oor die grens was nie, het Brand nou Pretorius se voorstel tot die daad omgesit en sir Philip Wodehouse versoek om die grens duidelik te kom afbaken.

Eers ná September 1864 kon Wodehouse die Kaapkolonie verlaat om die grens te kom vasstel. Die goewerneur was vergesel van lady Wodehouse, ander hooggeplaaste Britse amptenare en die kommissies van die Vrystaat en Basoetoland.

Die Hoë Kommissaris het sy ondersoek in Witzieshoek begin en vandaar langs die Rooibergreeks beweeg. Die eerste baken is op 'n hoë bergpunt, wat die naam Wodehousekop sou kry, opgerig. Hierna is die bakens met gereelde afstand van mekaar opgerig. Ná Wodehousekop is die volgende baken op Bakenkop opgerig. Dis hieruit duidelik dat die goewerneur en sy geselskap al langs die bergketting op die noordelike en noordwestelike grens van die huidige Hoogland Park beweeg en die gebied ten ooste en ten suide van die Rooiberge aan Mosjesj toegeken het. Golden Gate het dus Basoeto-gebied gebly.

Die ekspedisie het feitlik soos 'n kommando daar uitgesien: Wodehouse en sy vrou en ander Britse amptenare tesame met die twee kommissies op die voorpunt en agter hulle 'n paar honderd perderuiters, die een agter die ander, om die grenslyn „oop te trap." Volgens oorlewering